BLOEMFONTEIN BAPTISTE


*Saam groei ons tree vir tree*

# BRIEWE AAN DIE KERK

## Deel 5 – Tiatira: Sien Soos God Sien

### VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle ʼn sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.




- **Is jy bekend met die Johari Venster (soos hierbo) wat in die preek genoem is? Wat staan vir jou uit daarvan?**
- **Hoe hanteer jy dit as mense vir jou terugvoer gee oor areas in jou lewe wat hulle sien, maar jy nie sien nie (jou blinde kolle)? Verduidelik.**
- **Wat dink jy van die konsep dat daar dinge in jou lewe is wat onbekend is aan jou en aan ander mense, maar dat God dit weet – jou potensiaal, die doel van jou lewe, die impak wat jy kan maak, jou toekoms, ens.?**

**Lees deur Spreuke 5 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Hoe word sonde as 'n pad uitgebeeld in hierdie gedeelte eerder as net iets wat ons doen?**
- **Wat verander as ons aan sonde dink as 'n pad met 'n eindbestemming, eerder net as iets wat ons verkeerd doen so nou en dan?**
- **Hoe sluit vers 12 en 13 aan by die gesegde: "*Spyt kom altyd te laat*"? Watter invloed het dit in ons lewe as die "opvoeding" en "onderrig" te doen het met die Here se beginsels wat ons geleer is?**
- **Wat dink jy beteken die laaste twee verse van hierdie gedeelte? Hoekom het sonde 'n geneigdheid om hier te eindig as eindbestemming?**
- **Hoe sluit vers 21 aan by Openbaring 2:18 en Hebreërs 4:13? Watter gevoel skep hierdie waarhede in jou? Verduidelik**

**Lees deur 1 Petrus 5:6-9 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Hoe sal jy nederigheid aan iemand verduidelik?**
- **Wat dink jy beteken dit as God ons "verhoog"?**
- **In die preek is genoem dat hierdie gedeelte spreek 4 dinge aan wat ons baie keer net duld in ons lewe: *1) Trots; 2) Bekommernis; 3) Luiheid; en 4) Isolasie* wat keer dat ons kan uitleef wat God vir ons bestem. Met watter van hierdie sukkel jy die meeste? Verduidelik.**
- **Die oplossings vir elkeen van die bogenoemde is genoem as: *1) Aanbidding; 2) Gebed; 3) Diensbaarheid; en 4) Wees deel en eerlik met 'n groep.* Watter een dink jy moet meer aandag van jou kry? Verduidelik**

**Lees Hebreërs 12:5-6 en Spreuke 3:11-12 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Hoe dink jy lyk liefdevolle straf/dissiplinering van die Here vir sy kinders?**
- **Wat is die motief van sy dissiplinering? Hoekom sukkel ons om dit te sien?**
- **Lees Romeine 2:4. Hoe sluit dit aan by hierdie gedeeltes?**
- **Hoekom dink jy nooi God ons eers uit om te bekeer voor Hy "harder praat"?**

- **Is daar iets in jou lewe wat jy ervaar die Heilige Gees sy vinger op lê wat jy moet stop of verander of begin? Is jy bereid om dit met jou groep te deel? Deel dit met hulle en bid dan vir mekaar daaroor.**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in**

**hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**